



TLU SA Kongres 2021

"Laat Landbou Leef "

1 September 2021

Stemprosedure vir ampte van President en Adjunk-president

Nominasies:

Affiliasies word versoek om persone wat hulle wil nomineer vir onderskeidelik die Presidentspos sowel as die Adjunk-presidentpos indien moontlik vooraf te stuur na register@tlu.co.za en cc sekretaresse@tlu.co.za. Dit sal die administrasie rondom die stemproses net vergemaklik indien die nominasies vooraf ontvang word.

Nominasies kan slegs deur kongresafgevaardigdes gedoen word en moet die besonderhede van die voorsteller en sekondant ook bevat. Die genomineerde se name, affiliasie en kontakbesonderhede moet ook in die nominasie aangedui word sowel of hy/sy die nominasie aanvaar.

'n Nominasie sal dus as volg lyk:

President 2021/2022:

Naam van genomineerde:

Peet Poggenpoel

Swaarkry BU

081 222 3333

pog@diens.co.za

Genomineerde aanvaar nominasie:

Ja

Voorsteller:

Borrie Klaas

082 333 4444

Sekondant:

Gorie Geraas

083 555 6666

Ten einde te verseker dat u voorgestelde kandidaat vir bv. die Presidentspos dit nie sou maak nie en u dan graag die kandidaat vir die Adjunk-presidentspos sou wou nomineer, is dit reg dat u persone vir beide poste nomineer. Indien 'n kandidaat verkies word vir die Presidentspos sal sy nominasie vir die Adjunk-presidentspos outomaties verval.

By die Uitvoerende Komitee se vergadering is weer bevestig dat die onderskeie streke in Augustus hul streekreorganisasie moet afhandel sodat die onderskeie streekvoorsitters reeds met die Kongres bekendgemaak kan word. TLU SA se Zoom-fasiliteite is beskikbaar vir streke en kan dieselfde proses in streekverband gebruik word om deursigtige stemming te verseker.

Indien 'n verkose streekvoorsitter in een van bogenoemde ampte verkies word, sal die verkose ondervoorsitter vir die streek as streekvoorsitter moet oorneem na die Kongres. Alternatiewelik sal die streek weer 'n stemming moet hou.

Stemfoon nommer:

Die nommer wat verlede jaar gebruik is vir die stemproses kan weer gebruik word en is as volg:

066 077 9787

- Indien u nog nie het nie, berg asseblief bogenoemde nommer op u WhatsApp-kontakte onder “Stemfoon” sodat dit die dag van die stemming gerieflik gebruik kan word.
- Geen oproepe na die nommer sal geneem word nie omdat dit die WA-funksie die dag mag blokkeer.
- Geen antwoord word verskaf as die WA-stem/me ontvang word nie en word dit net ingelees.
- Elke kongresafgevaardigde wat geregistreer het se WA-nummer moet tydens die registrasieproses bevestig word om stemtoekenning aan die nommer te doen.
- Dis daarom krities dat daar wel vir die kongres geregistreer word en dat almal wat geregistreer het seker maak dat hul korrekte WA-selfoonnommer verskaf word.**
- Slegs stemgeregtigdes se stemme word in ag geneem.**
- 'n Stem/me ontvang vanaf 'n selfoonnommer wat nie op die registrasielys is nie, sal nie in ag geneem word nie en geïgnoreer word.**
- Geen stemme wat gestuur word na enige ander nommer behalwe die stemfoon-nummer sal in ag geneem word nie.**
- Die eerste stemming, soos ontvang, sal geld – maak dus seker voor u u stem per WA instuur dat dit wel is soos u graag u stem sal wil uitbring.

Verkieping van President

10:00 – 10:20

Nominasies vir die amp van President sal aan die Kongres voorgehou word en sal stemming vanaf 10:00 per WA aan die stemfoon-nummer geskied.

Alle nominasies moet vooraf met genomineerdes geklaar word sodat die persone se beskikbaarheid vir die amp vooraf bevestig is.

Nominasies vir die amp van President sal met 'n alfabetiese kode geïdentifiseer word bv:

- A Peet
- B Jors
- C Bart

Stemming vind dan plaas deur hetsy A, B of C te stuur aan die stemfoon soveel keer as wat die kongresafgevaardigde geregtig is ingevolge die stemtoekenning tydens registrasie. Indien 'n persoon bv. geregtig is op 3 stemme, moet 3 aparte WA-boodskappe met dieselfde keuse ingestuur word.

Die stemming vir die amp van President sluit om 10:20 waarna die verwerking sal plaasvind en die resultaat van die stemming so vinnig moontlik aan die Kongres bekend gemaak sal word.

(Indien die persoon wat u nomineer vir die amp van President nie verkies word nie, word die name van die ander genomineerdes nie outomaties oorgedra vir stemming van die Adjunk-president nie en is dit nodig dat u 'n aparte nominasie daarvoor indien. Dit bring mee dat u dus 'n persoon vir beide poste kan nomineer. Indien 'n kandidaat as President verkies word sal sy nominasie vir Adjunk-president outomaties verval.)

Verkieping van Adjunk-president

11:00 – 11:10

Nominasies vir die amp van Adjunk-president sal aan die Kongres voorgehou word en sal stemming vanaf 11:00 per WA aan die stemfoon-nommer geskied. Geen stemming moet plaasvind alvorens daar aangedui word dat dit moet begin nie.

Alle nominasies moet vooraf met genomineerdes geklaar word sodat die persone se beskikbaarheid vir die amp vooraf bevestig is.

Nominasies vir die amp van Adjunk-president sal met 'n numeriese kode geïdentifiseer word by:

- 1 Koos
- 2 Ben
- 3 Faan

Stemming vind dat plaas deur hetsy 1, 2 of 3 te stuur aan die stemfoon soveel keer as wat die kongresafgevaardigde geregtig is ingevolge die stemtoekenning tydens registrasie.

Die stemming vir die amp van Adjunk-president sluit om 11:10 waarna die verwerking sal plaasvind en die resultaat van die stemming so vinnig moontlik aan die Kongres bekend gemaak sal word.